Lantana angolensis, L. dinteri, L.camara en L.rugosa

Lantana angolensis E: (purple) bird's brandy

Lantana camara (tuin Lantana), tick berry (E) wilderoosmaryn, gomdagga (Afrikaans)

Lantana dinteri en *Lantana rugosa*

Ons ken seker almal die *Lantana* plante met oranje-geel tot helderrooi of pienk, mauve of ligpers met geel blomme; daar is min tuine in hierdie land, waar dit nie een of ander tyd voorgekom het nie. *Lantana camara* is oorspronklik uit tropiese Amerika in Afrika ingebring. Voëls vreet graag die saad en versprei dit deurdat die pitte onverteerd weer uitgeskei word. Die plant bevat die **gifstof** *Triterpenoid.*

Inheems daarenteen is *Lantana angolensis, L.dinteri* en *L.rugosa.*

Lantana angolensis se blomkleur wissel van wit tot ligpers met of sonder geel sentrum. Die bessies is eers wit of ligpers. Interessant is, dat die plante met die wit blomme wit bessies dra en diegene met die pers blomme se bessies lyk wit-pers of pers. Die loof is donkergroen, die blare lyk nogal gekreukel en voel ietwat grof (dis die borselagtige hare op albei kante, bo en onder).

Die stokkerige struikie staan gewoonlik onder bome, bosse en ook teen pale in die skaduwee of halfskaduwee, waarteen die takke stut en opgroei tot oor een meter. Daar groei slegs 'n paar takke uit die houtagtige wortelstok Na die winter loop die plant weer van onder af uit. Dikwels is die struik afgevreet. Jakkalse vreet graag die bessies (jakkalse se diëet bestaan tot 75% uit plantkos)

Van die inheemse mense beweer ook dat die bessies eetbaar is. Tradisioneel word die plant gedroog en fyn gemaal vir 'n wondpoeier. Om Syphilis-aangetaste plekke te verlig en genees, word die blare gekneus en fyngedruk op die sere gesit.
Boesmans behandel daarmee oogontstekings.

Lantana dinteri groei in ‘n mooi bossievorm, het ligtegroen blare en wit blommetjies. Dit kom meer in die sentrale en westelike helfte van Namibië voor, van die Kaokoveld sover suid as oos van Lüderitzbucht. Dit hou van klipperige grond. Hierdie plant is **giftig** vir veral grootvee, dit veroorsaak geeldikkopsiekte.

Die Damaramense drink ‘n blaartee as apteitwekker. Om die maag beter te laat werk, kan ‘n worteltee gedrink word. Vrouens wat baarmoederprobleme ondervind, kan met die uibol van slangkop (*Drimia sanguinea)*saam met die wortel van *Lantana* dinteri gekook en gedrink word (nie vir swanger vrouens nie)

(Foto van C.Mannheimer)

Lantana camara word in Suidafrika beskou as die grootste sondebok onder plante wat vergiftigings by vee veroorsaak. In Australië word hierdie vergiftiging by vee “pink nose” genoem. Die plant is ook daarheen ingebring, waarskynlik met vee- of perdevoer..

Die bessies is eers donkergroen, word dan pers en uiteindelik swart. As die plant in ons tuin groei, moet ‘n mens oppas, dat kindertjies nie te veel van die bessies inkry nie (kinders hou nogal daarvan!)

Hierdie plant versprei vinnig en neem graag oor in die tuin, moet dus gereeld teruggesny word.

Dan is daar nog ***Lantana rugosa*** wat in klein struikies in Boesmanland in Namibië voorkom. Die blomme is pienk-perserig, die bessies duidelik mauve-kleurig. Dit word oor die algemeen nie geëet nie, die smaak is nie baie lekker nie, alhoewel van die Boesmans beweer het, dat dit wel geëet word.

Inligtingsbronne: Coleen Mannheimer (Thanks for info and photo of *Lantana dinteri!)*)

Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)
Poisonous Plants of South Africa (Ben-Erik van Wyk, Fanie van Heerden, Bosch van Oudtshoorn)
Toxic Plants of Veterinary Importance in Namibia (Coleen Mannheimer, Anna Marais, Sonja Schubert)
Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)
Field Guide to the Plants of Northern Botswana including the Okavango Delta (Alison and Roger Heath)
Wild Flowers Waterplants and Grasses of the Okavango Delta and Kalahari (Veronica Roodt)
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhardt von Koenen)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Oktober 2020